NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 19 – Uitgawe 8
5 Maart 2026

*Op pad met Iwana…*

# Die voorsitter moet beskikbaar wees

**Die nuutverkose voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) het onlangs wesenlike lewensveranderings ervaar. Te midde van verandering bly sy diepgaande vertroudheid met die Kerk 'n konstante. *Die Kerk ken my en ek ken die Kerk*. Ds Leon Geel (sr) vertel ná afloop van die erediens wat hy tydens die opening van die Sinodale Dienssentrum op 20 Januarie gelei het en waarvoor hy spesiaal tyd ingeruim het, meer hieroor.**

Sy openingsboodskap het die personeel aangespoor om opnuut vertroue in hul bekwaamheid te hê. Dit is dieselfde woorde wat hom óók in hierdie nuwe fase van sy lewe bemoedig. *Dalk het ek dié preek vir myself geskryf,* grap hy. Hierdie verandering het amptelik op 1 Maart in werking getree met sy bevestiging in Gemeente Midstream. Hy en sy vrou, Marianna, is opgewonde oor hierdie nuwe avontuur.

Ds Leon het op 'n plaas tussen Standerton en Morgenzon grootgeword as een van vier kinders. Dit is op dié plaas waar hy van kleins af vir sy ouers, en af en toe vir die skape ook, vertel het dat hy 'n predikant gaan word. Hierdie oortuiging, waarmee hy van kindsbeen af geleef het, skryf hy aan sy ouers toe. Hy vertel hoe hul plaas ongeveer 33 km uit die dorp was, maar dat kerkbywoning nooit opsioneel was nie. Dit was in hul weeklikse roetine ingeweef.

Op 17 Januarie 1981 arriveer ds Leon sak en pak in Pretoria as 'n opgewonde eerstejaar teologiestudent. Hy word op 3 Mei 1987 in Gemeente Potchefstroom as predikant georden en beskryf dit as 'n besondere leerskool onder die leiding van ds Willem Kok. Dit was – en is steeds – 'n suiwer roepingsbewussyn. Dit is ook waarom hy sy pligte as voorsitter so ernstig opneem. Hy verduidelik: *Miskien is ek so bietjie oordrewe*, *maar ek gaan dit aanpak met my hele hart.*

Dit is dalk ook die aanloop na hierdie voorsitterstoel wat bygedra het tot dié ywer. In 2010 word ds Leon vir die eerste keer tot die Kommissie van die AKV verkies. Daarna, in 2013 het hy en prof Wim Dreyer meegeding om die voorsitterskap met prof Dreyer wat verkies is. In 2019 word ds Leon weer tot die Kommissie van die AKV as predikantslid verkies. En in 2022 is die voorsitterskap wéér tussen hom en prof Wim Dreyer, maar hy onttrek uit die verkiesing. *Ek het gevoel ek is dalk nie bekwaam genoeg nie,* erken hy. In Augustus 2023 word hy met kanker gediagnoseer. Hy vertel dat hy toe besef het waarom hy nie gereed gevoel het nie – hy sou nie die voorsitter kon wees wat die Kerk nodig gehad het nie. Hy sou nie beskikbaar kon wees nie.

Maar toe kom die AKV van 2025 en hy word as voorsitter verkies. Dit was 'n gebeurtenis wat lank in wording was en ook baie emosie opgewek het. *Hoe wil God hê moet jy hom dien?* Sy antwoord kom binne die konteks van sy nuwe pligte: *Deur beskikbaar te wees vir die werk waartoe ek verkies is.* Sy beroep na Gemeente Midstream op 'n deeltydse basis sal hom ook toelaat om beskikbaar te wees vir God se roeping.

Dit is die Kerk se gebed dat elkeen opnuut geïnspireer sal word deur ds Leon se ywer. Mag ons ook in ons lewens streef om beskikbaar te wees vir die werksaamhede waartoe ons geroepe is.

**Ds Iwana Kruger**
**(Pretoria-Oos en NHKA-joernalis)**

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

## Lief en leed

- **Die volgende predikante verjaar tot 13 Maart. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.**
    - Vrydag 6 Maart: Di M (Mariaan) Delport (Erasmia), en WM (Elmien) Shaw (Swartkop)
    - Saterdag 7 Maart: Drr AC (Carel) Botma (emeritus), en DJ (Deon) du Toit (Pierneef/dosent)
    - Maandag 9 Maart: Di JJH (Koos) Engelbrecht (emeritus), en LJ (Louw) van der Linde (beroepafwagtend)
    - Dinsdag 10 Maart: Ds TF (Thomas) Dreyer (Wapadrant)
    - Donderdag 12 Maart: Ds JJ (Jaco) Dreyer (emeritus/Bloemfontein)
    - Vrydag 13 Maart: Di LK (Lilian) Erasmus (Wonderboom), en RJ (Rudi) Rust (emeritus)

## Gemeentes en bediening



Dr Johan Nel

- **Dr J (Johan) Nel** (emeritus) het 'n beroep na **Bloemfontein-Wes** (deeltyds**)** ontvang. Hy het die beroep aangeneem.

## Werksgeleenthede

- **Gemeente Wapadrant** beskik oor 'n vakante bedieningsruimte wat nie aan 'n spesifieke ouderdomsprofiel gekoppel is nie. Enige proponent of predikant is welkom om aansoek te doen.

  **Verantwoordelikhede:**
  Implementering van die gemeente se bedieningstrategie met die doel om groei en betrokkenheid onder die gemeente te bevorder. Dit sluit onder andere die volgende in:
    - Bestuur en koördinering van kategete en kategese
    - Temas en jaarprogram van bedieninge
    - Jeugaktiwiteite – insluitend kampe
    - Skakeling met organisasies van die omgewing
    - Ontwikkeling en implementering van kommunikasiemiddele en bedieningskanale, byvoorbeeld die gebruik van sosiale media en YouTube
    - Lei van eredienste
    - Bediening van sakramente
    - Lei van begrafnisse en huweliksbevestigings
    - Besoeke aan gesinne, jeug, bejaardes, siekes, nuwe lidmate en persone wat sodanige behoefte uitspreek
    - Algemene gemeentelike bestuur en administrasie
    - Maandelikse verslagdoening oor areas van verantwoordelikheid

  **Sluitingsdatum: 8 Maart 2026**
    - Die kerkraad behou die reg voor om 'n kortlys saam te stel wat nie beperk is tot die aansoeke wat ontvang is nie.
    - Kontak asseblief die kantoor **kantoor@diekerk.com** vir meer inligting rakende die pos.

- **Twee poste is beskikbaar by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA).** Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) is 'n maatskappy sonder winsoogmerk wat sedert 1820 die Bybel in Suid-Afrika vertaal, publiseer en versprei. Die missie van die BSA is om bekostigbare Bybels vir elkeen in hul eie taal en in geskikte formaat te voorsien sodat almal die lewegewende boodskap van die Woord mag ervaar.

  - **Verhoudingsleier: Noordelike streek (Kemptonpark, Gauteng)**
  Die bogenoemde voltydse loopbaangeleentheid is tans by die BSA beskikbaar. Die Verhoudingsleier is verantwoordelik om die BSA se strategie in die spesifieke streek te dryf om te verseker dat volhoubare verhoudings met donateurs, kerkgenootskappe en Christelike organisasies in die streek gebou word. Die posbekleër sal in samewerking

met alle kerkgenootskappe Bybelverspreiding in die streek fasiliteer. Daar word van die posbekleër verwag om innoverende fondsinsamelingsinisiatiewe te ontwikkel en daarby betrokke te wees, sodat die BSA effektief bemark word om ondersteuning en befondsing van sleuteldonateurs te verkry om die Bybel beskikbaar te stel. Die posbekleër sal ook verantwoordelik wees vir die bestuur en evaluering van die streek se personeel, asook vir die bestuur van streekkomitees. Die monitering en uitbreiding van die donateursbasis vorm ook deel van hierdie rol.

- **Kerklike Organiseerder: Sentrale Streek (Bloemfontein, Vrystaat)**
  Die bogenoemde halfdagpos (4 ure per dag) is tans beskikbaar by die BSA. Die Kerklike Organiseerder is verantwoordelik vir die bekendstelling en bemarking van die werk van die BSA aan kerke, kerklike organisasies, opvoedkundige organisasies, die besigheidsektor en individue om hulle betrokke te kry by die werksaamhede van die BSA en om fondse te genereer vir Bybelvertaling, produksie en verspreiding. Die posbekleër handhaaf ook gesonde en volhoubare verhoudings met die relevante donateurs, kerke en kerklike organisasies.

**Vereistes (vir beide poste):**

- Relevante teologiese kwalifikasie
- Handhawing van die belydenis dat die Bybel die Woord van God is
- Ervaring in besigheid sal voordelig wees
- Begrip en kennis van kerklike omgewing en gemeenskap
- Kennis en ervaring van fondsinsameling en bemarkingsmetodes

**Bevoegdhede (vir beide poste):**

- Sakevernuf
- Ekumeniese ingesteldheid
- Samewerkingsvaardighede
- Verhoudingsbou
- Sterk kommunikasievaardighede in Afrikaans en Engels
- Leierskap
- Vermoë om met mense van verskillende agtergronde te werk
- Kommersiële bewustheid
- Goeie aanpasbaarheid
- Vermoë om ander te inspireer

**Vaardighede (vir beide poste):**

- Fondsinsamelingsvaardighede
- Openbare redevoering
- Bemarkings- en verkoopsvaardighede
- Interpersoonlike vaardighede
- Onderhandelingsvaardighede
- Beplannings- en organiseringsvaardighede
- Aanbiedingsvaardighede

**Vrywaring (vir beide poste):**

Deur vir hierdie posisie aansoek te doen en jou CV in te dien, bevestig jy dat jy jou persoonlike inligting vrywillig verskaf het en dat die inligting volledig, akkuraat en op datum is, in ooreenstemming met die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 4 van 2013 (POPIA). Jy gee hiermee die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) toestemming om jou persoonlike inligting te verwerk vir die doel van werwing en keuring. Jy gee verder toestemming dat die BSA jou persoonlike inligting mag behou op sy databasis vir oorweging van toekomstige werksgeleenthede.

**Aansoeke sluit op 20 Maart 2026**

Aansoeke kan gestuur word na: **hr.bssa@biblesociety.co.za**. Indien jy teen **30 Maart 2026** niks van ons gehoor het nie, beskou asseblief jou aansoek as onsuksesvol.

## Vergaderings

- Donderdag 5 Maart: Kommissie van die AKV
- Vrydag 6 Maart: Kommissie van die AKV
- Dinsdag 10 Maart: Kuratorium

## Ringsvergaderings


| RING | VERGADERPLEK | DATUM |
|---|---|---|
| Bronkhorstspruit | Delmas | 9 Mei |
| Chrissiesmeer | Bethal | 9 Mei |
| Dorsland | Otjiwarongo | 12 en 13 Junie |
| Hoëveld | Standerton | 13 Junie |
| Johannesburg | Turffontein | 9 Mei |
| Klerksdorp | Klerksdorp-Oos Môrester | 17 Mei |
| Krokodilrivier | Joachim Prinsloo | 12 Mei |
| Krugersdorp | Noordrand | 6 Junie |
| Laeveld | Letaba Junction | 7 Junie |
| Losberg | Losberg | 6 Junie |
| Magalies | Derdepoort | 16 Mei |
| Maquassi | Delareyville | 27 Mei |
| Middelburg | Waterval-Boven | 16 Mei |
| Noordelike Bosveld | Koedoesrand | 3 Junie |
| Noordelike Natal | Utrecht | 16 Mei |
| Noord-Kaapland | Vryburg | 14 Maart |
| Oos-Kaapland | Port Elizabeth | 9 Mei |
| Oos-Rand | Boksburg | 17 Mei |
| Pietermaritzburg | Durban-Suid | 9 Mei |
| Potchefstroom | Potchefstroom-Noord | 24 Mei |
| Pretoria | Wapadrant | 17 Mei |
| Pretoria-Wes | Swartkop | 12 April |
| Roodepoort | Horison Roodepoort | 20 Junie |
| Rustenburg | Rustenburg-Suid | 31 Mei |
| Swellendam | Oudtshoorn | 9 Mei |
| Vereeniging | Duncanville | 9 Mei |
| Vrystaat | Bloemfontein-Wes | 8 en 9 Mei |
| Wes-Kaapland | Worcester | 23 Mei |
| Zeerust | Mafeking | 9 Mei |
| Zuurfontein | Kempton Park-Oos | 16 Mei |

## Kerklike en ander publikasies




- Die **Maart 2026-uitgawe van *Die Hervormer*** se voorblad fokus op die vroue in ons bediening. **Ds Mariët Robbertze** dink na oor die vroue wat instrumenteel was om haar aan die Woord bekend te stel. Sy vra die vraag of ’n vrou se gebed minder waarde het as ’n man se gebed. Daarmee saam bedank **prof Yolanda Dreyer** die Kerk vir die geleentheid om haar roeping as predikant uit te leef. Sy reflekteer oor ander wat nie so gelukkig was om die geleentheid gegun te word nie. **Ds David Barnard** skryf in sy redakteursbrief oor die belangrikheid daarvan dat dit wat ons in die Woord hoor ook duidelik moet blyk in ons optrede. Ons Christenskap moet ’n geheel in ons lewens vorm en ons moet dit elke dag in alle omstandighede so uitleef. **Dr Deon du Toit** verskaf ’n teologiese perspektief oor kunsmatige intelligensie (KI). Hy ondersoek die vraag of KI gebruik kan word tydens die proses om ’n preek te skryf. Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en ’n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes beskikbaar gestel.




## Kom kyk saam

- Kom kyk saam na ons weeklikse Blitsflits. Hierdie episode is aangebied deur **ds Zanedrieka de Lange** (Swartkop). Klik ***hier*** vir verlede week se weergawe. Laat gerus vir ons kommentaar en deel u gedagtes oor die Blitsflits. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag en is beskikbaar op sosiale media en YouTube.

## ’n Gedig

**Pyn**
Pyn was amper vergeet
Ek voel dit weer
Raak U my aan
hier agter oor my niere
daar’s iets daar –
Vryf oor my hart
Vat my klam hande
Nie dat U die moet genees nie –
Net stadig met my saamloop, Heer.
En laat ek pynlik vrolik wees
en pyn sover ek kan vergeet
en waarlik vry wees;
U-in-pyn liefhê,
Versink in U
God, gees in Gees

**I.L de Villiers (1975)**

www.bible.com/reading-plans/43666-lydenstydgids-in-die-skadu-van-getsemane/day/1

## Fondsinsamelings en Kerksake

- Kom kuier by **Potchefstroom Studentegemeente se Straatfees**. Geniet die dag saam met ons waar allerhande lekkernye verkoop sal word! Daar is iets vir almal – van die soettande tot dié wat southappies verkies. **5 Maart vanaf 16:00 tot laat.** Silwerstraat 19, Potchefstroom.

- **Kosfees op Melkbosstrand. Gemeente Kaapstad** hou op **14 Maart** ’n kosfees vanaf 09:00 by Robbenweg, Melkbosstrand. Kom smul aan ’n beesstertpotjie, pannekoeke, krokette, poedings en vele meer. Moet dit nie misloop nie. Vir **enige navrae** kan u ons kontak by: 082 806 8396

- Kom geniet **Gemeente Bellville se Somerfees** op Saterdag **21 Maart** vanaf 09:00 tot 14:00. Daar sal heerlike pannekoek, jafels, worsbroodjies en kerrie-en-rys te ete wees. Kom besoek ons koektafel, snuffeltafel en ons kinderhoekie. Gratis ingang en kaartfasiliteite. Stuur gerus 'n **e-pos** na **nhkabellville@gmail.com** of **skakel** ons by 083 972 1377 indien u **meer inligting** benodig.

- **Dagstukkieboek: Gemeente Louis Trichardt** verkoop ’n dagstukkieboek as ’n fondsinsamelingsprojek. Die dagstukkieboek bestaan uit 41 preke wat ds Mostert gedurende die jaar 2025 in die Gemeentes Louis Trichardt en Zoutpansberg gelewer het. Hierdie preke is elkeen verwerk tot vyf dagstukkies. Die boek kan aangekoop word teen **R250 (aflewering uitgesluit) vir ’n harde kopie en R200 vir ’n digitale PDF-weergawe. Kontak** ds Zilcha Mostert by 060 732 4323 of **zilchamostert.hervormdekerkltt@gmail.com** vir enige navrae.

## Toerusting

**12 MAART 2026 | AANLYN | 09:45- 15:30**

**VANUIT SISTEMATIESE TEOLOGIE**

**“VIR ‘N TYD SOOS HIERDIE”: OOR AMBISIE, VREDE EN WAT ONS DINK ONS WEET**

Daar is talle aanduidings dat ons in ‘n andersoortige uitdagende tydperk leef, waarin ons onvergenoegd is met mekaar, mekaar vertrap te midde van kompetisie (ambisie), en gewelddadig word oor ons verstaan van waarheid en identiteit. In verwysing na Mordegai se woorde aan Ester, watter rigtingwysers gee ons geloof vir ons oor ons rol, roeping en verantwoordelikheid, in “‘n tyd soos hierdie”? Ons kyk na die werk van onder andere Hanna Reichel en Miroslav Volf.



Prof. Tanya van Wyk

**10 VBO punte**

Prof. Tanya van Wyk is hoof van die Departement Sistematiese en Historiese Teologie aan die Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van Pretoria en ‘n gereelde rubriekskrywer vir Netwerk 24.

excelsus

Teikengroep: Predikante, gemeenteleiers en lidmate
Koste: R325 - Quicket
Sluitingsdatum: 10 Maart



**AANLYN DOOPKATEGESE**

Die aanlyn doopkategesekursus is nou beskikbaar op die DraMekaarSeLaste toepassing.

- Die kursus is ideaal vir doopouers om die sakrament en hul doopbelofte beter te verstaan.
- Predikante kan dit ook as aanvullend tot hul doopkategese-gesprek gebruik.

Die kursus is beskikbaar teen R100 en is beskikbaar by:
**https://www.dramekaarselaste.co.za/**
> Meer > TOERUSTING > Geloofsgroei.





- **Pastorale beradingskursus: 'n Pastoraal-holistiese benadering tot kanker**
  **21 April 2026 – Zoom-aanbieding deur prof Wentzel Coetzer**
  Wanneer die immuunsisteem gestimuleer word, selfbeeld en selfvertroue herstel word, onverwerkte trauma en emosionele pyn deurgewerk word, vertroebelde verhoudings herstel word en 'n gesonde leefstyl in plek kan kom, kan dit tot ingrypende fisiese veranderinge lei. In hierdie kursus kom 'n verskeidenheid van praktiese riglyne in hierdie verband aan die orde as deel van 'n diepgaande pastoraal-holistiese benadering waar die biologiese, sosiale, emosionele en geestelike dimensies van siekte geïntegreer word. Daar word veral gefokus op die benaderings van die pediatriese chirurg, dr Bernie Siegel, asook die mediese dokter, dr Gabor Maté, met betrekking tot kanker. Teen hierdie agtergrond word daar dan telkens ook pastorale kommentaar gelewer en praktiese riglyne uitgespel.

  **Die kursus is vir almal oop.**
  **Datum:** Dinsdag 21 April 2026.
  **Tyd:** 09:00-13:00
  **Akkreditering:** 5x VBO-punte – CPSC-punte – 5x AFM PCD-punte
  **Koste:** R300 per persoon (R45 ekstra vir inskrywings uit Namibië en die buiteland as gevolg van bykomende bankheffings)
  **Handboek te koop (opsioneel):** R370 (R250 plus R120 vir koerier)
  **Navrae:** 083 660 0409 of e-pos: wentzelc@gmail.com

  **Volg die kursus op 'n latere datum:**
  Persone wat nie die betrokke oggend die kursus kan bywoon nie, kan nogtans registreer en dan agterna 'n skakel ontvang om weer die kursus op enige later datum te kan volg.

  **Klik *hier* om vir die kursus te bespreek.**



## Barmhartigheid

- Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor **seniorbehuising en -versorging**.

## Gebed vir die week

Jesus,
ek wil nie ’n lewe gevul met aardse oorvloed hê nie.
Ek kies stiltetyd bo die geraas,
innerlike vrede eerder as die gejaag,
dankbaarheid in plaas van begeerte.
Maak plek in my hart vir die eenvoud van ’n Christelike lewe.
Help my om my fokus doelbewus te rig op dit wat werklik saak maak.
Amen.

www.bybelmedia.co.za/gebedsprogram-vir-lydenstyd/




Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Mariët Robbertze
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger